# BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

**C. A. De Bruijn e.a.: De vesting Doesburgh — van landweer tot vestingwal. Doesburg, 1974.**

In hierdie publikasie, uitgegee deur die Doesburgse museum Stad en Ambt Doesburg in die provinsie Gelderland, Nederland, beoog die skrywers allereens om kennis aangaande die ontwikkeling van die 'landweer' tot die latere vestingwal, soos dit in die omgewing van die stad Doesburg verloop het, onder die aandag van die lesers te bring. Dan gaan hulle verder deur, met verwysing na die ontwikkeling van die vesting Doesburg, die ontwikkelingsgang van hierdie stad se verdedigingswerke en -stelsels te beskryf. 'n Landweer of landwere was een of meer grondwalle of stelsels van grondwalle, begroei met bome of ondeurdringbare struikgewas. Aan die voorkant was droë slote, wat vanaf die 13e tot die 15e eeu in die omgewing van stede of dorpe vir verdedigingsdoeleindes aangelê en in stand gehou is.

G. M. Rabeling beskryf die oorblyfsels van eertydse landwere rondom Doesburg en verwys na outydse landweervoorskrifte (onderhoud, inspeksie) en wy aandag aan die begroeiing (plante, struike, bome) van 'n deel van 'n eertydse landweer wat vandag nog bestaan.

Van besondere belang is C. A. de Bruijn se bydrae 'Van palissadewal tot vestingstad'. Allereers verwys die skrywer na verskillende teorieë met betrekking tot die ontstaan van die stede in die Nederlande en neem saam met professor Brugmans aan, dat die reg om 'n stad te ommuur of van grondwalle te voorsien, as 'n stilswyende, vanselfsprekende gevolg beskou is, wat uit die verlening van stadsregte aan 'n bepaalde gemeenskap, voortgevloei het.

Op die wyse het daar 'n verdedigbare bewoonde sentrum ontstaan met sy kenmerkende grondwalle, muurtorings en poorte. Italiaanse vestingboumeesters het in die loop van die 16e eeu, 'n nuwe metode na Nederland oorgebring wat veral deur die bastion gekenmerk is. Hierdie vyfhoekige konstruksie was bedoel vir verdedigingsdoeleindes naby die grondwalle of mure. Die Nederlander, Simon Stevin, het hierdie metode verbeter wat in die praktyk onder meer deur die vestingboumeester Adriaan Anthonisz (1543-1620) toegepas is en as die Ou Nederlandse Stelsel bekend staan.

Menno, baron van Coehoorn (1641-1704), was die groot vestingbouer van stadhouer-koning Willem III wat sy nuwe gedagtes omtrent gemoderniseerde vestingbou in sy werk 'Nieuwe vestingbouw, op een natte of lage horizont, Leeuworden, 1685' te besoek gestel het. Hierdie metode staan bekend as die Nuwe Nederlandse Stelsel wat in Nederland en elders onder Nederlandse invloed geheel of gedeelte lik tot die begin van die 19e eeu gehandhaaf is.

**Doesburg**

Van 'n ommuurde Doesburg was daar reeds sprake in 1343 ofskoon Doesburg reeds in 884 'n belangrike handelspos aan die Ijssel was. Nadat die vestingwerke in die loop van die volgende eeue gewysig en verbeter is, is 'n nuwe vesting tussen 1608 en 1629 voltooi wat in 1672 deur die Franse ingeneem is. Die veroweraars het aan boere in die omgewing opdrag gegee om op die versterkings van Doesburg te sloop. Tog was dit nie die einde van die verdedigingswerke van Doesburg nie.

In 1698 het die toenmalige direkteur-generaal van die Nederlandse fortifikasies Menno (baron van Coehoorn) aanbeveel dat Doesburg en omgewing deur verdedigingslinies beskerm moes word. Byna dertig jaar is aan hierdie projek, wat herhaaldelik gewysig is, gewerk. Tot in die 19e eeu is uitbreidings en verbeterings aangebring en in 1944 is die geheel, nou as 'n krygshistoriese monument, aan die sorg van die toenmalige Nederlandse Departement van Onderwys toevertrou. Uit die bydrae wil dit voorkom dat, ten spyte van gedeeltelike opknappingswerk, die toekoms van 'n unieke Nederlandse krygskundige monument nie ten volle verseker is nie.

Van belang is, met betrekking tot die verlede van Doesburg, J. Th. M. Giesen se bydrae oor eertydse beleërings van Doesburg en J. W. van Petersen se mededelings oor die garnisoen (19e eeu en later), waarby die leser getref word deur die verspreiding van die soldate oor die lengte en breedte van die stad tot daar in 1867 'n sentrale kaserne tot stand gekom het. Doesburg se einde as garnisoenstad het op 5 April 1945 gekom.

In sy bydrae, Natuurreservaat 'De wallen van Doesburg', deel R. F. van Wijngeeren die leser besonderhede mee oor die plante- en dierelewe te midde van die oorblyfsels van wat, in die ver verlede, 'n militêre hoeksteen van die toenmalige Ijssellinie was.

— Jan Ploeger

**Mededeling**

Jaarverslag (1973) 'Stichting Menno van Coehoorn'.

Sedert 1932 bestaan bogenoemde vereniging wat hom beywer vir die instandhouding van buite-gebruik-gestelde vestingwerke in Nederland.

In die jongste jaarverslag verskyn, onder meer, mededelings oor historiese vestingwerke in die onderskeie Nederlandse provinsies (restourasiewerk, beskermende werksaamhede, noodgevalle).

Interessant is die bydrae oor ervarings by die gebruik van historiese vestingplanne (L. J. Spanjaerdt Speckman) waarin die skrywer nadruk lê op onnoukeurighede, verbeteringe of aanvullings in geval van herdrukke, vervormingsfaktore en oorname van bestaande foute deur tekenaars wat gebruik gemaak het van werkstukke van voorgangers.

Die skrywer vat die kern van sy betoog soos volg saam: 'Onze voorouders waren weinig zorgvuldig in dat soort zaken' (p. 42).

In sy bydrae, 'Torenforten in Brabant' wys die skrywer, dr J. S. van Wieringen, op die feit dat waar die Engelse in die Napoleontiese tyd hul Martellotorings gebou het, het die Franse vierkantige toringforte opgerig. Die afmetings van die drie modelle was 16, 24x16, 24 m², 10, 72x10, 72 m² en 9, 09x9, 09 m². Die hoogte van hierdie Franse torings was 5,85 m. Op die begaanbare grondhoogte was woonruimtes en onder kelders vir ammunisie en lewensmiddele. Die dak was plat met 'n borswering. In Nederland is, na die inlywing by Frankryk (1810), 'n paar van hierdie forte gebou.

Op pp 63-64 van die verslag kom, van die hand van M. G. L. van Schouwenburg, aantekeninge met betrekking tot die bekende blokhuis te Harrismith en Fort Klapperkop, Pretoria, voor. 'n Tweetal toeligtende foto's verskyn teenoor p 66.

— Jan Ploeger

**ULRICH KRÖLL: Die internationale Buren-Agitation 1899-1902. Haltung der Offentlichkeit und Agitation zugunsten der Buren in Deutschland, Frankreich und den Niederlanden während des Burenkrieges.** Münster, 1973, pp. 478.

Driekwart eeu skei ons van die Tweede Anglo-Boereoorlog en ongetwyfeld sal hierdie feit, sowel in woord as geskrif, nie onopgemerk verbygaan nie. In velerlei opsigte het hierdie botsing, wat oneindig veel meer was as 'n suiwer militêre kragmeting, só diep in die verdere verloop van ons geskiedenis ingegryp, dat elkeen van ons hierdie stryd eenvoudig moet raaksien.

Nou is dit die vraag wat ons raaksien. Is dit uitsluitlik die veldslae en insluiting van sekere strategies of andersins belangrike sleutelposisies? Sal ons ons aandag toespits op krygsmanmoed en krygsmaneer? Sal ons verwyl by die kleinkrygperiode van die oorlogsjare? Sal ons stilstaan by die gevangekampe of by rapportgangers? Sal ons leidende militêre figure weer eens onder die vergrootglas neem? Daar kan 'n oneindige aantal vrae gestel en velerlei onderdele van die oorlog noukeurig betrag word.

Daar is ewenwel, onder die magdom van aspekte, een onderwerp waaraan daar tot op hede nie veel aandag gewy is nie. Dit is die ander oorlog, die oorlog wat in die vorm van persverslae, brosjures, geldinsamelings en pro-Boeremanifestasies sowel in ons land as elders gevoer is.

Die skrywer behandel in sy werk agtereenvolgens die voorgeskiedenis van die oorlog, die gebeurtenisse aan die onderskeie fronte, die houding van die toenmalige grootmoondhede (neutraliteit) en — inteenstelling daarmee — die houding van die Europese openbare mening wat óf pro Boer óf anti-Boer was of in die loop van die stryd van insig en houding verander het (p. 51).
Tot in die onderste lae van bevolkingsgroepe was daar pro-Boer-gevoelens aanwesig en die toonaangewende groepe het dergelike gevoelens gekanaliseer in die oprigting van daadkragtige organisasies.

In hoofstuk 6 bespreek die skrywer die werksaamhede van die 'Alldeutsche Verbund', in hoofstuk 7 kom die 'Deutsche Centrale' en in hoofstuk 8 die 'Deutche Buren-Centrale' aan die beurt. Die inhoud van hoofstuk 9 is aan